

**KANKER- EN NIEKANKERPASIËNTE SE BELEWING VAN DIE
LUISTERGROEPTEGNIK**

M. STRYDOM

HONS. B.A.

**Verhandeling (artikelformaat) voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die
vereistes vir die graad Magister Artium in Kliniese Psigologie aan
die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.**

**Studieleier:
PROF. C.A. VENTER**

**Potchefstroom
November 2006**

**KANKER - EN NIEKANKERPASIËNTE SE BELEWING VAN DIE
LUISTERGROEPTEGNIEK**

M. STRYDOM

INHOUDSOPGAWE

Bedankings	(i)
Opsomming	(ii)
Summary	(iv)
Voorwoord	(vi)
Toestemming	(vii)
Beoogde tydskrif en riglyne vir outeurs	(viii)
Manuskrip vir eksaminering	(x)

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het:

- My Hemelse Vader vir insig, leiding en deursettingsvermoë.
- Professor C.A. Venter, my studieleier, vir sy bekwame leiding, passie en entoesiasme vir hierdie projek.
- Professor M.C.A. Seyffert vir die noukeurige taalversorging.
- Die persone wat aan die navorsing deelgeneem het en hulle belangstelling en verbintenis aan die proses.
- Carmen, my ouers, familie en vriende vir hulle finansiële en emosionele ondersteuning asook hulle bemoedigende woorde.
- My beste vriend Dewald wat in 2004 met kanker gediagnoseer is. Sy deursettingsvermoë en lewensfilosofie het my geïnspireer om hierdie projek aan te pak en met passie vol te hou.

OPSOMMING

Kanker- en niekankerpatiënte se belewing van die luistergroeptegniek.

Sleutelwoorde: kankerpatiënte, narratiewe terapie, luistergroep

Die doelstelling van die studie was om te bepaal wat kankerpatiënte (binnegroep) en niekankerpatiënte (buitengroep) se belewing van die luistergroeptegniek was. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik.

Die rede vir hierdie navorsing was soos volg:

- Ervaring het getoon dat die luistergroeptegniek 'n baie effektiewe metode is om mense te help om alternatiewe stories te verkry benewens die dominante stories wat hulle lewens rig. Sommige skrywers is van mening dat terapeute meer navorsing moet doen om vas te stel of die luistergroeptegniek 'n effektiewe terapeutiese benadering is.
- Die rede waarom daar spesifiek gefokus is op kankerpatiënte is weens die hoë voorkoms van kanker en die gepaardgaande mediese en psigologiese gevolge wat dit vir individue inhou. Psigologiese intervensies blyk verskeie positiewe uitkomstes vir kankerpatiënte te hê.

Die projek is aan kankerpatiënte, hulle ondersteuners en in nagraadse Psigologieklasse bekendgestel. Ses kankerpatiënte, vyf ondersteuners en tien studente het vrywillig deelgeneem - twaalf binnegroeplede (kankerpatiënte en ondersteuners) en nege luistergroeplede. Agt lede van die binnegroep was dames en vier was mans, hulle ouderdomme het gewissel van twee en twintig tot twee en sestig jaar. Die luistergroep het bestaan uit ses dames en drie mans, sewe was honneurs- en twee was meestersgraadstudente. Die luistergroep se ouderdomme het gewissel van een en twintig tot twee en twintig jaar.

Die studieleier en die navorser het as fasiliteerders opgetree van die sessies. Die proses het vyf aande geduur. Na afloop van die inleidende sessie het die eerste twee sessies in dieselfde week plaasgevind, terwyl die laaste twee sessies oor die volgende twee weke gestrek het. Elke sessie het ongeveer twee ure geduur.

Die deelnemers se belewing van die tegniek is deur middel van individuele semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel. Die volgende vyf temas het uitgestaan nadat die

data ontleed is: ander perspektiewe wat ontwikkel het en groei wat plaasgevind het tydens die proses, dit was 'n leersame ervaring, die deelnemers se ervaring van die proses, die deelnemers se ervaring van die prosedures en toepassing van die tegniek, en voorstelle wat die deelnemers gemaak het. Die resultate het aangetoon dat die luistergroep-tegniek met groot vrug aangewend kan word om dié persone te help om nuwe perspektiewe te ontwikkel oor hulle problematiek en om persoonlike groei by hulle te stimuleer.

SUMMARY

Cancer patients' and non-cancer patients' experience of the listening group technique

Keywords: cancer patients, narrative therapy, listening group

The aim with this research was to determine how cancer patients (the inner group) and non-cancer patients (the listening group) experience the listening group technique. A qualitative research design was utilised.

The reasons for undertaking this research were the following:

- Experience has indicated that the listening group technique may be an effective method to help individuals discover alternative life stories besides the dominant stories that direct their lives. Some authors have expressed the need for therapists to do research on the listening group technique to ascertain its effectiveness as a therapeutic approach.
- The reason for focusing specifically on cancer patients is the high incidence of cancer and the accompanying medical and psychological effects it has for the individual. Psychological interventions appear to have positive results for cancer patients.

The project was announced to cancer patients and their supporters, as well as in the postgraduate Psychology classes. Six cancer patients, five supporters and ten students participated on a voluntarily basis – twelve as members of the inner group (cancer patients and supporters) and nine as members of the listening group. Eight members of the inner group were female and four were male. Their ages varied from twenty - two to sixty - two. The listening group consisted of six female and three male students, of whom seven were honours students and two were masters students. Their ages varied from twenty - one to twenty - two.

The study leader and the researcher acted as facilitators during the sessions. The process covered five evenings. After the introductory session, the first two sessions were held in the first week, while the last two sessions took place during the subsequent two weeks. Each session lasted approximately two hours.

The way the participants experienced the technique was determined by means of semi-structured interviews. The following five themes came to the fore on analysing the data: other perspectives that developed and growth that took place during sessions, it was a learning experience, the participants' experience of the process, the participants'

experience of the procedures and application of the technique, and suggestions that the participants made. The results indicated that the listening group technique can be applied to obtain beneficial outcomes for the participants. It can, inter alia, help them to develop new perspectives about their personal dilemmas and stimulate personal growth.

VOORWOORD

Die kandidaat het verkies om sy verhandeling in artikelformaat voor te lê. Soos by 'n verhandeling die geval is, het die kandidaat die werk gedoen en het die studieleier hom daarin begelei.

Prof. C.A. Venter

TOESTEMMING

Ek, die medeouteur, gee hiermee toestemming dat Munro Strydom die manuskrip kan voorlê en dat dit voldoen aan die vereistes wat aan 'n verhandeling gestel word. Dit mag ook aan die redaksie van die “South African Journal of Psychology” voorgelê word om gekeur te word vir moontlike publikasie.

Prof. C.A. Venter

BEOOGDE TYDSKRIFTE EN RIGLYNE VIR OUTEURS

South African Journal of Psychology. Die artikel sal vertaal word.
(Riglyne vir outeurs op volgende bladsy).

SOUTH AFRICAN JOURNAL OF PSYCHOLOGY

INSTRUCTIONS TO AUTHORS

1. The manuscript should be typed in 12-point font (Times Roman) double-spacing.
2. The first page should contain the title of the article, the name(s) of the author(s), as well as the address of the author to whom the correspondence should be addressed.
3. The abstract should be on a separate page.
4. The text of the article should be started on a new page.
5. Indicate the beginning of a new paragraph by indenting its first line two spaces, except when the paragraph follows a main or secondary heading.
6. The headings should all start at the left margin, and should not be numbered. The introduction to the paper does not require a heading.
7. The referencing style of the SAJP is similar to those used by the British Psychological Society and the American Psychological Association (See *SAJP Guide to Authors*).
8. In the reference list, the first line of each reference starts at the left margin; subsequent lines are indented two spaces.
9. Illustrations, tables, and figures should be prepared on separate A4 sheets. They should be numbered consecutively, grouped together, and attached to the end of the manuscript. Tables should be drawn without grid-lines separating the cells in the tables. The appropriate positions in the text should be indicated.
10. Authors are requested to pay attention to the proportions of illustrations, tables, and figures so that they can be accommodated in single (82mm) or double (179mm) columns after reduction, without wasting space.
11. Once the article has been accepted for publication, a computer diskette must also be submitted. MS Word is the preferred text format. The manuscript number and author or author's name(s) should be clearly indicated on the diskette.
12. As the SAJP does not employ a full-time language editor, it is recommended that, once articles have been accepted for publication, authors send their manuscripts to an external language specialist for language editing. Furthermore, it is recommended that a note indicating that the manuscript had been language edited accompany the final submission of the manuscript.

MANUSKRIP VIR EKSAMINERING

TITEL VAN MANUSKRIP, OUTEURS EN ADRESSE

TITEL

**KANKER- EN NIEKANKERPASIËNTE SE BELEWING VAN DIE
LUISTERGROEPTEGNIK**

OUTEURS

Munro Strydom
Rademeyerstraat 22
Oudtshoorn
6625
E-pos: munrostrydom@yahoo.com

Chris Venter*
Departement Psigologie
Noordwes-Universiteit
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520
E-pos: Chris.Venter@nwu.ac.za

*Outeur aan wie korrespondensie gerig kan word.

SUMMARY

Cancer patients' and non-cancer patients' experience of the listening group technique

The aim with this research was to determine how cancer patients (the inner group) and non-cancer patients (the listening group) experience the listening group technique. The reason for undertaking this research was that experience had indicated that the listening group technique may be an effective structure to help individuals discover alternative life stories besides the dominant stories that direct their lives. A qualitative research design was utilised.. The project was announced to cancer patients and their supporters as well as in the postgraduate Psychology classes. Six cancer patients, five supporters and ten students participated on a voluntay basis – twelve as members of the inner group (cancer patients and supporters) and nine as members of the listening group. The study leader and the researcher acted as facilitators during the sessions on the five predetermined evenings. After the introductory session, the first two sessions were held in the first week, while the last two sessions took place in the subsequent two weeks. Each session lasted approximately two hours. The way the participants experienced the technique was determined by means of semi-structured interviews. The following five themes came to the fore on analysing the data: other perspectives that developed and growth that took place during sessions, it was a learning experience, the participants' experience of the process, the participants' experience of the procedures and application of the technique, and suggestions that the participants made. The results showed that the listening group technique can be applied to obtain beneficial outcomes for the participants. It can help them to develop new perspectives about their personal dilemmas and stimulate personal growth..

Die objektiwiteit van die modernistiese wêreldbeskouing (Dueck & Parsons, 2004) met die beklemtoning van feite, herhaalbare prosedures en algemene toepaslike reëls, ignoreer maklik die spesifieke, gelokaliseerde betekenis van individuele persone (Freedman & Combs, 1996). Indien mense volgens eersgenoemde wyse beskou word, word hulle gesien as passiewe, magtelose ontvangers van kennis en vaardighede. Postmodernistiese denkers is dit eens dat die mens 'n beperkte vermoë het om die heelal te beskryf op 'n presiese en absolute wyse wat universeel aanvaarbaar is (Bertrando, 2000; Freedman & Combs, 1996). Die postmodernistiese siening van realiteit is dat dit sosiaal gekonstrueer word en deur taal gevorm en georganiseer word. Hierdie realiteit word in stand gehou deur narratiewe wat persone oor die lewe het. Hierdie narratiewe rig (vorm) persone se lewe en voorsien die struktuur vir die lewe (Bertrando, 2000; Dueck & Parsons, 2004; Freedman & Combs, 1996; Parry & Doan, 1994).

Volgens die narratiewe perspektief is die intellektuele raamwerk wat persone gebruik om hulle lewenservaringe te interpreteer die storie (Venter, 2000). Aangesien persone so baie ervaringe het, kan slegs 'n deel daarvan in hulle stories vervat word. Dit staan bekend as die dominante stories en dit rig en vorm 'n persoon se lewe. Ervaringe wat buite hierdie dominante stories val, staan bekend as alternatiewe stories (Venter, 2000; White & Epston, 1990).

In sommige gevalle leef 'n persoon nie sy/haar beleefde ervarings genoegsaam uit nie en word hulle vasgevang in 'n storie wat beperkend is. Skrywers is dit eens dat narratiewe terapie 'n uiters bevredigende en verrykende proses is wat hierdie persone kan bevry van hulle beperkende stories. Alternatiewe stories kan raakgesien en uitgeleef word (Venter, 2000; White & Epston, 1990). Navorsing toon dat narratiewe terapie positief ervaar word deur kliënte en terapeute wat die benadering gebruik. Kliënte kan op verskillende maniere hulle probleme oorkom en hulle word nie gekategoriseer nie, maar gerespekteer as individue en beskou as deskundiges van hulle lewens (O'Connor, Davis, Meakes, Pickering & Schuman 2004; O'Connor, Meakes, Pickering & Schuman, 1997).

Tydens narratiewe terapie word probleme geëksternaliseer en mense word aangemoedig om aan te toon hoe hierdie probleme hulle lewens en verhoudings beïnvloed (White & Epston, 1990). Negatiewe gebeure word herdefinieer as stories van oorlewing (White, 1998) en daar word gefokus op oplossings wat reeds daar was, maar nie raakgesien is nie (O'Connor *et al.*, 1997).

Andersen (1990) het 'n terapeutiese proses/tegniek bekendgestel wat persone kan help om alternatiewe stories in hulle lewens raak te sien, naamlik die konsep van die "reflecting team". Tydens hierdie tegniek is daar 'n span terapeute wat agter eenrigtingglas die terapeutiese sessies waarneem. Tydens of na die sessie vergader die span waarnemers saam met die terapeut en die kliënte en word daar gereflekteer oor die sessie (Freedman & Combs, 1996; Parry & Doan, 1994). Andersen se tegniek kweek waardering en respek vir die uniekheid van elke individu se storie en vir die persoon self (Donovan, 2003; Parry & Doan, 1994).

'n Tegniek wat voortgespruit het uit die "reflecting team", is die sogenoemde luistergroeptegniek (Russel & Carey, 2004; White, 1995). Tydens hierdie tegniek is daar twee groepe persone wat deel het aan die terapeutiese proses, naamlik 'n binne- en 'n buitengroep. By die aanvang van die proses sit die terapeut(e)/fasiliteerder(s) en die binnengroep in 'n sirkel terwyl die buitengroep in 'n sirkel om hulle sit. Die binnengroeplede kry dan die geleentheid om hulle ervaring van hulle probleemsituasie te bespreek. Op 'n stadium ruil die binne- en buitengroep posisies om en dan kry die buitengroeplede die geleentheid om te reflekteer oor hulle belewenisse ten opsigte van dit wat hulle gehoor het. Hierdie verandering van die groepe se posisie (die binnengroep wat na buite skuif en die buitengroep wat na binne skuif) word gewoonlik een tot twee keer tydens 'n sessie herhaal. Die binnengroep kry dus die geleentheid dat hulle stories gehoor word en erkenning daaraan gegee word. Tydens die laaste sessie smelt die twee groepe saam om te reageer en te reflekteer op die proses wat verloop het (Carr, 1998; White, 1995).

Ervaring het getoon dat die luistergroep 'n baie effektiewe struktuur is om mense te help om alternatiewe stories te verkry (Carr, 1998; Venter & Nortje, 2004; White, 1995). Die deelname van die buitengroep verskaf 'n unieke konteks en mense word meer bewus oor hoe hulle hulleself sien en hoe hulle hulle eie lewens konstrueer (White, 1998). Sommige skrywers is van mening dat terapeute meer navorsing moet doen om vas te stel of die luistergroeptegniek 'n effektiewe terapeutiese benadering is (Jenkins, 1993; Venter & Nortje, 2004).

Die skrywer is van mening dat die luistergroeptegniek 'n baie toepaslike benadering sal wees vir kanker pasiënte, want volgens Spiegel en Kimerling (2001) kan psigososiale veranderlikes die liggaam beïnvloed om siektes soos kanker teen te werk. Statistiek toon dat in 2002 daar wêreldwyd 10,9 miljoen mense met kanker gediagnoseer is. 24,6 miljoen mense lewe tans met kanker (3 jaar sedert diagnose) en

6,7 miljoen mense het weens kanker gesterf in 2002 (Parkin, Bray, Ferlay, & Pisani, 2005). Daar is 'n groot aantal mediese en psigologiese probleme wat kankerpatiënte ervaar. Tussen 15 en 40% kankerpatiënte ontwikkel kliniese angstigtheid en/of depressie (Sheard & Maguire, 1999). Die grootste probleemareas wat by kankerpatiënte geïdentifiseer word, is angstigtheid oor gesondheid, depressie, verlies van fisieke welstand, bekommernis oor kinders, probleme in verhoudings, bekommernis oor beroeps- en finansiële aspekte, gevoelens van alleenheid en isolasie weens hulle diagnose en hulle voel nie aantreklik nie (Fincham, Copp, Caldwell, Jones & Tookman, 2005; Roberts, Piper, Denny, & Cuddeback, 1997; Sheard & Maguire, 1999).

Baie navorsing word gedoen oor die moontlike psigologiese intervensies wat positiewe uitkomst vir kankerpatiënte kan hê (Roberts *et al.*, 1997). 'n Wye verskeidenheid intervensies blyk voordelig te wees vir kankerpatiënte. Daar is aanduidings dat korter intervensies meer effektief is aangesien kankerpatiënte moontlik te afhanklik kan word van professionele hulp indien intervensies te lank aanhou (Sheard & Maguire, 1999). Programme wat groepswork insluit, is ook baie effektief (Fawzy & Fawzy, 1998; Kissane, Bloch, Miach, Smith, Seddon & Keks, 1997; Kissane, Bloch, Smith, Miach, Clarke, Ikin, Love, Ranieri, & McKenzie, 2003; Rockson, 2002; Sheard & Maguire, 1999; Simpson, Carlson & Trew, 2001; Spiegel, Morrow, Classen, Raubertas, Stott, Mudaliar, Pierce, Flynn, Heard, L. & Riggs, 1999). Die vernaamste redes hoekom groepswork as meer effektief gesien word vir kankerpatiënte is: sosiale ondersteuning (patiënte leer by mekaar en staan isolasie teen), die helperterapiebeginsel (die pasiënt se selfbeeld verhoog omdat hy/sy ander kan bystaan) en koste-effektiwiteit (een terapeut kan met meer as een pasiënt terapie doen) (Sheard & Maguire, 1999; Simpson, Carlson & Trew, 2001; Spiegel *et al.*, 1999).

Navorsing met kankerpatiënte het getoon dat alhoewel 66% van hulle die groep gesien het as 'n bron van ondersteuning, slegs 39% dit as 'n positiewe bron ervaar het (Docherty, 2004). Slegs 13% het gesê dat hulle weer 'n groep sal verkies wat slegs kankerpatiënte bevat. Die rede hiervoor is dat dit moeilik is om 'n groep individue saam te bring wat verskillende coping-strategieë het, veral die moontlike skadelike interaksies tussen persone wat 'n optimistiese siening van hulle siekte probeer behou en die persone wat hulle siekte in 'n pessimistiese lig sien (Docherty, 2004). Die skrywer is van mening dat die luistergroeptegniek 'n toepaslike terapeutiese tegniek

kan wees vir kankerpatiënte aangesien daar ook ander persone (die buitengroep) teenwoordig is wat 'n moontlike positiewe bron van ondersteuning en terugvoer kan wees. Aangesien hierdie tegniek waardering en respek kweek vir elke individu se unieke storie, kan dit moontlik die genoemde skadelike interaksies voorkom weens die fokus op dominante en alternatiewe stories.

In die lig van bogenoemde gegewens is die navorsingsvraag wat aan die orde gekom het tydens hierdie navorsingsprojek die volgende: Wat is die beleving van die binnengroep (kankerpatiënte) en die buitengroep (nie-kankerpatiënte) van die luistergroeptegniek?

NAVORSING

Doel

Die doelstelling van die studie was om te bepaal wat kankerpatiënte (binnengroep) en niekankerpatiënte (buitengroep) se beleving van die luistergroeptegniek was.

Navorsingsontwerp

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik omdat die deelnemers hulle belewenisse van die luistergroeptegniek moes weergee (Stake, 2000).

Deelnemers

Die navorser het kontak gemaak met "The Cancer Association of South Africa (CANSA)" en kankerpatiënte is sodoende geïdentifiseer wat moontlik in die navorsing sou belangstel. Individuele sowel as telefoniese onderhoude is gevoer met die persone om hulle aan die studie bekend te stel en die prosedures te verduidelik. Alhoewel veertien persone (sewe egpare) hulleself beskikbaar gestel het vir die navorsing, het slegs ses persone (drie egpare) vir die eerste ontmoeting opgedaag. Na 'n bespreking met die deelnemers, is 'n gesamentlike besluit geneem om die navorsing uit te stel sodat meer persone gekontak kon word om deel te neem aan die navorsing.

Die studieleier het die navorsing hierdie keer ook bekendgestel aan studente in die nagraadse Psigologieklassse. Persone wat belanggestel het om aan die studie deel te neem, het hulle name by die betrokke studieleier ingedien. Twee en twintig persone (elf studente, ses kankerpatiënte en vyf ondersteuners) het hulleself hierdie keer

beskikbaar gestel en die eerste sessie bygewoon. Een en twintig van die deelnemers se data (onderhoudsgegewens) kon gebruik word aangesien een dame vanuit die luistergroep onttrek het tydens die eerste sessie. 'n Ander student het verkies om in die binnegroep te wees aangesien sy 'n aantal jare gelede 'n vriendin wat kanker gehad het, en wie sy getrou ondersteun het, aan die dood afgestaan het. Die finale groep deelnemers het dus bestaan uit twaalf binnegroepede (ses kankerpatiënte en ses ondersteuners) en nege buitegroepede (studente). Agt lede van die binnegroep was dames en vier was mans, ouderdomme het gewissel tussen twee en twintig en twee en sestig. Die luistergroep het bestaan uit ses dames en drie mans, sewe was Honneursgraadstudente en twee was Meestersgraadstudente. Die luistergroep se ouderdomme het gewissel van een en twintig tot twee en twintig.

Die studieleier wat as een fasiliteerder opgetree het, bied gereeld nagraadse werkswinkels aan in huweliks- en gesinsterapie, ook by ander universiteite en by buitelandse kongresse. Hy stel baie belang in die postmodernistiese benadering van die vakgebied, spesifiek in die narratiewe terapie. Die navorser, wat as tweede fasiliteerder opgetree het, het in 2004 sy Honneursgraad voltooi. Hy is tans besig om sy M.A.-graad in Kliniese Sielkunde te voltooi en is tans in diens van 'n psigiatrisie hospitaal as Intern Sielkundige. Die navorser was enkele jare gelede betrokke as 'n deelnemer in 'n navorsingsprojek oor die luistergroeptegniek en het die proses as uiters leersaam en waardevol beleef (Nortje, 2002).

Prosedure

Die vrywilligers is telefonies gekontak deur die navorser. Die algemene prosedures en belangrike aspekte rakende die navorsing is aan die persone verduidelik. Daar is ook aan die deelnemers meegedeel dat die proses oor 'n tydperk van drie weke sou strek met die moontlikheid van meer sessies indien die navorser, studieleier en die deelnemers dit nodig sou ag. Na afloop van die inleidende sessie, het die eerste twee sessies in dieselfde week plaasgevind terwyl die laaste twee sessies oor die volgende twee weke gestrek het. Elke sessie het ongeveer twee ure geduur.

Toepassing van die luistergroeptegniek

Tydens die eerste aand wat die kankerpatiënte, die ondersteuners en die studente vergader het, het almal as een groep in die lokaal gesit. Die studieleier en die fasiliteerder het hulleself aan die deelnemers bekendgestel en uitgebrei oor hulle

agtergrond en belangstelling in die spesifieke navorsing. Die deelnemers het daarna hulleself bekendgestel. Weens die ouderdomsverskil tussen die twee groepe en die aantal lede waaruit die buitengroep bestaan het, het die studieleier verneem of daar enige besware daarteen is. Geen besware is gemaak nie en die studieleier het 'n kort inleidende gesprek gelei waarin hy gemeld het hoe die terapeutiese tegniek ontstaan het en wat die prosedure is wat gevolg sal word tydens die daaropvolgende drie sessies. Daar is aan die binnengroep verduidelik dat hulle moet sê en doen wat vir hulle natuurlik is wanneer hulle oor hulle ervarings oor kanker praat. Die luistergroep is gevra om net te reflekteer op dit wat hulle van die binnengroep hoor en dat hulle nie die gesprekke moet probeer interpreteer of normatiewe uitsprake lewer nie. Dit is ook aan die deelnemers gestel dat hulle nie verplig moet voel om aan die gesprekke deel te neem nie en as hulle iets wil sê, hulle net dit moet meedeel waaroor hulle gemaklik voel.

Tydens die tweede sessie het die deelnemers in die binne- en buitengroep gaan sit. Die binnengroep wat bestaan het uit kankerpatiënte en hulle ondersteuners het in 'n sirkel gesit met die luistergroep – nagraadse studente – rondom hulle. Die binnengroep is toegelaat om vir ongeveer 'n uur te gesels oor hulle ervarings toe hulle (of hulle familieledes) met kanker gediagnoseer is. Die twee groepe het sitplekke geruil sodat die binnengroep nou die “luisteraars” was van die gesprek wat die luistergroep gevoer het oor dit wat hulle van die binnengroep gehoor het. Na ongeveer dertig minute het die groepe weer na hulle oorspronklike posisies geskuif sodat die binnengroep kon gesels oor dit wat hulle van die luistergroep gehoor het.

Hierdie ruiling het tydens elke sessie met die verloop van die hele proses plaasgevind, alhoewel die tydsduur wat die groepe in die binnekring gesit het heelwat gewissel het van die eerste sessie.

Tydens die derde sessie is die binnengroep die geleentheid gegee om te gesels oor hoe hulle die situasie van hulle siekte hanteer het. Dit het duidelik geword tydens hierdie sessie hoe belangrik geloof, sosiale ondersteuning en humor was in die hantering van die situasie. Melding is ook gemaak rakende die hulpverlening van die mediese personeel, die onsensitiwiteit wat soms deur van hulle getoon is en hoe die “mediese masjien” oorgeneem het by tye. Die belangrikheid van sosiale ondersteuning deur die pasiënte se vriende en familie tydens die siekte, is verder beklemtoon toe die buitengroep na binne geskuif het om te reflekteer.

Die vierde sessie het aan die binnegroep die geleentheid verskaf om te gesels oor hoe die pad vir hulle vorentoe lyk. Aangesien die pasiënte in verskillende fases van behandeling was, was daar uiteenlopende reaksies op hierdie vraag gewees. Alhoewel daar aanvanklik slegs vier sessies geskeduleer was, is daar na afloop van hierdie ontmoeting besluit om nog 'n sessie in te ruim.

Tydens die vyfde sessie is daar 'n gesprek gevoer oor die impak wat kanker gehad het op die ondersteuners. Die bespreking is daarna oopgestel vir enige aspekte wat die deelnemers graag sou wou bespreek. Die finansiële en materiële implikasies van kanker het tydens die bespreking na vore gekom. Teen die einde van die vyfde sessie het die groepe saamgesmelt en in een sirkel gesit. Daar is geleentheid gegee aan die deelnemers om te reflekteer oor die proses wat verloop het tydens die sessies en enige vrae te vra. Almal het hulle finale gedagtes gedeel en die proses is afgesluit. Toe die deelnemers mekaar gegroet het, was dit duidelik dat die binnegroep en die buitegroep 'n nou band gevorm het tydens die proses. Talle van die deelnemers het mekaar spontaan omhels en daar was 'n groot mate van warmte, deernis en respek waarneembaar.

Insameling van die data

Ongeveer vier weke na die afloop van die toepassing van die laaste luistergroepsessie, het die navorser individuele onderhoude met die deelnemers gevoer. Dit is gedoen om 'n sistematiese ondersoek te doen na die effektiwiteit van die proses wat tydens die groepsessies verloop het (Breakwell, 1990). Voordat die onderhoud begin het, is die deelnemers op hulle gemak gestel en rapport is gevestig (Berg, 1995; Patton, 1991). Die doel van die onderhoude is aan die persone verduidelik, asook die rede waarom die onderhoude op oudiobande opgeneem word. Deelnemers is aangemoedig om so eerlik as moontlik met hulle response te wees.

Die deelnemers se toestemming is verkry om die onderhoude op oudiobande op te neem en hulle anonimiteit is verseker (Patton, 1991). Die bandopnames is vooraf (Breakwell, 1990) en na afloop van die onderhoude vir kwaliteit getoets (Patton, 1991). Notas is ook geneem tydens die onderhoude om verdere opvolgvrae te vra en latere analise van data te fasiliteer. Dit is gedoen sodat die betekenis van dit wat gesê is nie deur die navorser verwring word nie en dat die deelnemers se stories vertel kan word deur hulle eie woorde te gebruik. (Breakwell, 1990; Patton, 1991). Die persone is versoek om nie op hulle emosionele ervarings van hulle geskiedenis met

kanker te konsentreer nie, aangesien die fokus van die navorsing daarop gerig was om hulle belewing van die tegniek te beskryf.

Onderhoude kan op 'n kontinuum geplaas word tussen volkome gestruktureerde onderhoude en ongestruktureerde onderhoude (Berg, 1995; Breakwell, 1990). Die navorser het tydens hierdie navorsing gebruik gemaak van semigestruktureerde onderhoude aangesien dit 'n meer effektiewe metode is om oor die ervarings van deelnemers navraag te doen (Berg, 1995). Hierdie tipe onderhoude bevat vooraf bepaalde vrae en/of onderwerpe. Al hierdie vrae word aan die verskillende deelnemers gestel, maar die navorser word toegelaat om af te wyk en verder ondersoek in te stel na die antwoorde wat verskaf is (Berg, 1995; Patton, 1991).

Elke onderhoud is ingelei met die vraag hoe die persoon die tegniek beleef / ervaar het. Soos die onderhoud ontvou het, is verdere vrae ook aan die deelnemers gestel, naamlik: Hoe het jy dit beleef dat julle in twee groepe verdeel was en om die beurt 'n kans gekry het om te luister en te praat? Wat was positief en negatief van die proses? Is daar iets wat jy sou wou verander aan die proses of tegniek? Hoe het jy dit beleef dat jou ondersteuner ook betrokke was by die proses? Het jy iets uit die proses geleer? Wat was jou belewenis van die buitengroep / binnengroep? Alhoewel ander vrae ook aan die deelnemers gestel is soos die onderhoud ontvou het, is hierdie genoemde vrae beskou as die essensiële vrae en die sentrale fokus van die studie (Berg, 1995). Die genoemde vrae wat tydens al die onderhoude gevra is, het 'n mate van konsekwentheid verseker en die geldigheid van die data is sodoende gekontroleer (Breakwell, 1990). Die onderhoude het elk ongeveer dertig minute geduur.

Ontleding van die data

Volgens Patton (1991) is die uitdaging van data-analise om sin te maak van 'n magdom data, die volume van informasie te verminder, die belangrike patrone te identifiseer en 'n raamwerk te konstrueer waardeur die essensie van dit wat die data openbaar, te kommunikeer.

Die navorser het die volgende stappe gevolg tydens data-analise:

Stap 1: Die onderhoude is op band opgeneem en die navorser het na elke onderhoud seker gemaak dat die oudiobande nie foutief was nie.

Stap 2: Die navorser het die opgeneemde onderhoude getranskribeer.

Stap 3: Volgens Ritchie en Spencer (1995) en Patton (1991) moet die navorser eerstens vertrouwd raak met al die data. Daar is na die oudiobande geluister, transkriberings is herhaaldelik gelees en notas is bestudeer. Notas is gemaak van kernidees en temas wat herhaaldelik voorgekom het.

Stap 4: Kernaspekte, temas en konsepte is geïdentifiseer sodat die data ondersoek en verwysings gedoen kon word. 'n Oorsig van die kategorieë is dus verkry (Ritchie & Spencer, 1995; Wilkinson, 2004).

Stap 5: Data is geïnterpreteer tydens hierdie stap. Verduidelikings is gevind, konsepte is gedefinieer, stories is met mekaar verbind en teorieë is ontwikkel (Berg, 1995; Ritchie & Spencer, 1995).

Stap 6: Patton (1991) en Berg (1995) beveel aan dat verbatim-aanhalinge van die deelnemers gegee moet word om die temas uit die data te ondersteun. Hierdie tegniek maak dit moontlik vir die leser om die wêreld te verstaan wat tydens navorsing ondersoek is. Nie net word die data saamgesnoer nie, maar die deelnemers en hulle belewenisse word beter verstaan.

Die navorser het gepoog om die betroubaarheid en die geldigheid van die data op die volgende manier te verseker. Aangesien die onderhoude gefokus het op ervarings uit die verlede (die groepsproses wat verloop het), is die data wat verkry is meer betroubaar as vrae wat handel oor toekomstige aksies en houdings (Patton, 1991). Data is ontvang van verskillende bronne af wat uit verskillende oogpunte na die proses gekyk het aangesien onderhoude met die buite- en die binnegroep gevoer en ontleed is (triangulering van data) (Berg, 1995; Farsides, 2004; Mason, 1995; Patton, 1991). Hierdie onderhoude is op band opgeneem en later getranskribeer. Data is ook vergelyk met die bevindinge van die literatuurstudie (Berg, 1995).

Volgens Patton (1991) moet die data beskikbaar gestel word aan enige persone wat dit wil ondersoek en beoordeel sodat hulle hulle eie interpretasies kan maak oor dit wat die deelnemers gesê het. Die data is ook weer deurgegaan (toets-hertoets-betroubaarheidsontwerp) om te kyk of daar negatiewe gevalle was asook ander moontlike interpretasies en temas wat met die oorspronklikes kan meeding (Krippendorff, 1985; Patton, 1991). By tye is vrae weer later herhaal om te sien of antwoorde ooreenstem met dit wat vroeër gesê is (Berg 1995). Dieselfde kernvrae (soos genoem in 3.6) is aan al die deelnemers gevra om betroubaarheid en geldigheid verder te verbeter (Berg, 1995; Breakwell, 1990; Patton, 1991). Die navorser was ook deurentyd bewus van hoe sy eie perspektief die navorsing kan beïnvloed en notas is

deurentyd gemaak van die proses wat verloop het. Hierdie bewustheid voorkom subjektiewe en gevolglike onbetroubare versameling en integrasie van data (Patton, 1991). Subjektiewe ervarings word beskikbaar gestel sodat toekomstige navorsers oplossings kan vind vir moontlike probleme (Berg, 1995). Die data is ook ontleed deur die studieleier om sodoende triangulering van die data verder te verbeter (Berg, 1995; Patton, 1991).

Etiese aspekte

Die proses is op 'n sensitiewe en etiese verantwoordbare wyse behartig om te verseker dat die deelnemers en hulle stories met respek hanteer word en dat hulle net dit hoef te deel waarmee hulle gemaklik was. 'n Eed van vertroulikheid is voor die aanvang van die proses onderteken om te verseker dat alle inligting vertroulik hanteer sal word. Deelname aan die proses was vrywillig. Dit het die persone vrygestaan om enige tyd van die proses te onttrek. Die individuele onderhoude wat met die deelnemers gevoer is, is vooraf met hulle afgespreek en met toestemming op audioband opgeneem. Die persone se anonimiteit is met die optekening van die data verseker deur die gebruikmaking van kort anonieme aanhalings. Dit is aan die deelnemers meegedeel dat indien hulle verdere opvolggesprekke met die fasiliteerders wou voer, sodanige gesprekke geakkommodeer sou word. Hierdie navorsing is ook goedgekeur deur die etiese komitee van die Noordwes-Universiteit.

RESULTATE EN BESPREKING

Tydens die lees en herlees van die data het vyf temas duidelik uitgestaan, naamlik: ander perspektiewe wat ontwikkel het en groei wat plaasgevind het tydens die proses, dit was 'n leersame ervaring, die deelnemers se ervaring van die proses, die deelnemers se ervaring van die prosedures en toepassing van die tegniek en voorstelle wat die deelnemers gemaak het.

Elk van die vyf temas sal vervolgens bespreek word.

Ander perspektiewe wat ontwikkel het en groei wat plaasgevind het tydens die proses.

Sewentien van die deelnemers het gemeld dat hulle tydens die sessies ander perspektiewe oor sekere aspekte ontwikkel het. Een van die binnegroeplede het die

volgende gesê: “Ek het byvoorbeeld altyd gewonder as iemand my nou sou vra, moet ek sê ek hét kanker, of het ek kanker gehad? Dit was goed wat vir my uitgeklaar is na hierdie sessie. So ek voel ek het dit gehad en dit is verby.” Ander binnegroepdele het gemeld dat “...ek het agtergekom ek het nog ‘n proses om emosioneel te herstel” en “...dit het my menswaardigheid vir my ‘n bietjie meer na vore gebring”, asook “...ek dink regtig ‘n mens het meer begrip vir ‘n ander se situasie.” Een van die binnegroepdele het opgemerk dat ander persone groei ervaar het tydens die sessies: “...ook vir die een persoon wat nou nog vir behandeling gaan, ook ‘n bietjie moed gee of ‘n ander gesigspunt gee op dit wat ander ouens nou alreeds deurgegaan het, nie dat dit nou noodwendig oor oorlewing gaan nie, maar jy hoef nie so vreeslik alleen te voel nie.”

Persoonlike groei het ook in die buitegroep plaasgevind, veral ten opsigte van die perspektiewe wat persone oor kanker gehad het. Twee van die buitegroepdele het byvoorbeeld gestel dat: “Die hele navorsing het my oë oopgemaak vir kanker... en hierdie het vir my half die mens agter kanker oopgemaak” en “...dit is geneesbaar... jy kom bietjie uit daardie stigma uit van wat mense aanraak.” Sommige van die buitegroepdele het van hulle persepsies verander weens refleksies wat ander gemaak het. Een buitegroepdele het dit soos volg gestel: “Baie van hulle het goed raakgesien wat ek nie sou raakgesien het nie en so dit het vir my ook die ervaring wat ek gehad het half meer ingekleur.” Aangesien die binnegroepdele met verskillende kankers gediagnoseer is en die ondersteuners ook betrokke was, het dit die proses vir twee buitegroepdele verder verryk. Hulle meld: “In hierdie groep was daar ‘n verskeidenheid mense op verskeie vlakke, so ‘n mens kon ‘n breë spektrum van die hele ervaring van kanker ook kry” en “Ek dink dit is ‘n groot toets vir altwee, die persoon wat nou kanker het en vir die ondersteuner. So om hulle altwee daar te kry, gee meer vir jou ‘n ander perspektief.” ‘n Ander buitegroepdele het gemeld: “Ek dink die feit dat daardie ondersteuners ook hulle perspektiewe gegee het, het dit baie ryker gemaak.” Ten opsigte van persoonlike groei het die een buitegroepdele gemeld: “Ek dink in hierdie, dit was vier sessies, het ek myself baie beter leer ken, het ek tot nuwe insigte in my lewe gekom.”

Sewentien van die deelnemers het die uniekheid van mense se belewenisse besef. Een dame in die binnegroep het dit so verduidelik: “Daardie aand wat ek byvoorbeeld gesit het en gevoel het my liggaam brand uitmekaar uit né, sy het nie daardie belewenis wat ek het nie.” Ander binnegroepdele meld ook dat “...elke ou

beleef dit anderste en ook die naasbestaandes...” en “...elke mens is uniek, hulle ervaar elke... soos daardie sessies ervaar alle mense dalk heeltemal anders as ek.” Lede van die buitegroep het ook die uniekheid van die belewenisse waargeneem. Twee van hulle meld: “Dit het my baie die diversiteit van die mens uitgewys” en “...elkeen se belewenis alhoewel hulle almal gediagnoseer is met kanker, is ook anders”.

Dit was ‘n leersame ervaring.

Daar was sewentien persone wat gevoel het dat die tegniek ‘n leersame ervaring was. Een van die dames in die binnegroep het gesê: “Ek dink die studente was nie daar verniet nie, ek meen hulle was daar om in te neem, hulle is soos sponsies” terwyl een van die mans in die binnegroep genoem het dat “...enige ander persoon wat... wat nie iets van die onderwerp weet of beleef het nie, leer op so manier om baie vinnig en baie maklik wat aan die gang is.” ‘n Dame in die binnegroep noem ook spesifiek die invloed van die buitegroep: “Ek dink die insette wat hulle gelewer het was vir my absoluut merkwaardig, ek het dit baie geniet, ek het baie geleer daaruit.” Twee lede van die buitegroep het ook hierdie ervaring gedeel. Hulle meld: “Enige probleem wat mense mee sit, is die beste plek om te leer daardie persoon self” en “...ek dink dit was vir ons net so groot leerskool as studente, as vir daardie mense.”

Daar was vyf deelnemers uit die buitegroep wat gemeld het dat die tegniek kommunikasie tussen persone kan verbeter. Twee deelnemers het gesê: “Dit het my geleer ook hoe soos... om beter te kommunikeer” en “...dit is iets wat jy moet ervaar om dit werklik te verstaan.” Lede van die binnegroep en die buitegroep het ook melding gemaak van die luisteraspek wat as ‘n belangrike deel van die tegniek beskou is. Twaalf deelnemers het dit genoem en een lid van die binnegroep het ook die belangrikheid van die buitegroep se gewilligheid om te luister soos volg verduidelik: “Dit is vir my soos ek sê wel belangrik dat hulle bereid was om daarna te luister.” Drie buitegroepede verduidelik die luisteraspek soos volg: “... en binne in daardie mense se lewens kom deur net na hulle te luister” en “...dit bevorder jou luistervaardighede, want jy moet fisies daar sit en jy moet absoluut niks sê nie en jy moet goed luister en konsentreer”, asook “...ek dink almal was verbaas oor hoe goed hulle (buitegroep) geluister het, of dit waarna hulle geluister het.”

Tien lede van die binnegroep en die buitegroep het gevoel dat die tegniek relevante inligting aan hulle verskaf het. Twee lede van die binnegroep het gesê: “Ek dink ek

het baie goeie inligting daaruit gekry” en “...ek dink wat vir my ‘nice’ is van die tegniek is min vrae wat vir jou baie inligting gee.” Twee lede van die buitengroep het ook melding gemaak van die inligting wat hulle ontvang het: “Ek dink dit is baie waardevolle inligting as jy in die toekoms met so iets te doen gaan hê” en “...daar is klomp goeters wat ek nie geweet het oor kanker nie wat ek nou weet en wat ek dink ‘n mens kan nie regtig dit in boeke opdoen daardie kennis nie.”

Die deelnemers se ervaring van die proses.

Die atmosfeer wat tydens die groepe geheers het is deur twaalf deelnemers beskryf as gemaklik, veilig en eerlik. Dit is soos volg beskryf deur een van die binnegroepede: “Ek dink dit was lekker gemaklik en ek dink dis hoekom die mense so lekker kon praat.” Twee persone in die buitengroep het die atmosfeer tydens die sessies soos volg beskryf: “Eerlik, partykeer ontstellend eerlik...” en “...ek dink hulle het lekker veilig gesels oor dit wat met hulle gebeur het. Ek dink dit is nie ‘n maklike ding om oor te gesels nie en ek dink hulle het lekker eerlik en openlik daaroor gesels.”

Volgens agt deelnemers is die atmosfeer gekenmerk deur vrymoedigheid en vertroue. ‘n Binnegroep lid meld: “Julle het vertroue geskep in die eerste instansie dat die mense met vrymoedigheid kon deelneem” terwyl een van die buitengroepede stel: “Om dan regtig op daardie manier openlik te praat daaroor en in ‘n vertrouesituasie te wees daaroor, dink ek kom daar baie goed uit wat vir ‘n mens baie meer kan beteken as wat daar gewoonlik sou uitkom.” Die atmosfeer is verder gekenmerk deur waardering en respek tussen die twee groepe en hulle stories. Dit is genoem deur agt persone. ‘n Lid van die binnegroep en ‘n lid van die buitengroep het dit soos volg beskryf: “Die ouens wat buite sit respekteer ons wat nou binne is en dan weer omgekeer” en “...ek het gevoel die respek wat ons vir hulle gegee het, het ons teruggekry.”

Waardering is ook uitgespreek deur twaalf deelnemers oor die geleentheid wat aan hulle gegee is om te praat oor hulle ervarings. “Dit was vir my goed dat daar so geleentheid geskep... vir ‘n mens nou geskep is, dat ‘n mens so soort van ook met jouself kon afsluit” was die woorde van een van die binnegroepede. ‘n Ander binnegroep lid meld dat: “There is not many other opportunities that you get in South Africa to speak about things like this.”

Dit was vir tien van die deelnemers ook belangrik dat hulle iets vir ander persone kon beteken het. Twee lede van die binnegroep het hierdie aspek soos volg uitgelig:

“Dit was vir my nogal lekker om dit oor te dra aan hulle (die buitegroep) en om te weet dit kan vir hulle ook iets beteken in die toekoms” en “as hulle praat (die buitegroep), dan dink jy vir jouself, maar wat jy oor gepraat het, beteken tog iets vir hulle.”

Nege persone het uitsprake gemaak oor die emosionele ervaringe wat tydens die sessies voorgekom het. Lede van die binnegroep het baie emosioneel geword: “Ek het gevoel ek is omgekrap en dit haal verskeie emosies uit jou uit” en “...for me to sit there and I felt close to tears a lot of the time.” Deelnemers in die buitegroep het dit ook waargeneem: “Hulle het nie hulle gevoelens weggesteek of hulle gevoelens weggedruk nie.” Lede van die buitegroep het ook emosioneel geword tydens die sessies: “Dit het tog prosesse in jou losgemaak” en “...ek het so emosioneel geraak elke keer.”

Nege van die deelnemers het die proses aanvanklik as ongemaklik ervaar (“Jy is in die begin skrikkerig, want jy weet nie regtig wat lê voor in hierdie paar weke, hierdie drie of vier sessies nie.”), maar hulle het meer gemaklik geraak soos die proses gevorder het. Een van die binnegroepede beskryf hierdie proses soos volg: “Die eerste groepsessie was vir my bietjie styf, die tweede sessie het makliker gegaan. Die derde keer is ons al amper familie.” Twee van die buitegroepede het hulle ervaring van die proses soos volg beskryf: “Ons het ontspan na die eerste aand, die eerste aand was wildvreemd” en “...dit het eers vir my hierso in die die tweede, derde sessie het dit vir my begin beter raak, want in die begin was dit bietjie styf gewees.”

Vyf van die persone het genoem dat daar ‘n hegte band ontwikkel het tussen die persone wat by die navorsing betrokke was. ‘n Binnegroep lid meld: “Ons het nogal ‘n gemeenskaplike probleem, nee ek dink ons het gebind.” Lede van die buitegroep het dit ook so beleef: “Daar het regtig vir my soos ‘n band ontwikkel” en “Dit het dadelik die mense gebind.” Die lede van die buitegroep het ‘n positiewe ervaring van die persone in die binnegroep gehad. Hulle meld die volgende: “Ek dink hulle is ongelooflike sterk mense, hulle positiwiteit het vir my ongelooflik uitgestaan” en “...hulle is vegters en hoopvol.” Vir vier persone het dit ‘n hoogtepunt geword en het hulle daarna uitgesien om die sessies by te woon. ‘n Lid van die binnegroep en ‘n lid van die buitegroep noem die volgende: “Jy het begin uitsien na daardie aand, net om te gaan” en “ek was lus om te kom, ek het dit geniet.” Tydens die sessies was dit ook opvallend dat daar ‘n opgewondenheid was van die buitegroepede om die sessies by te woon en hulle refleksies te deel met die binnegroep. Die band wat ontwikkel het

tussen die twee groepe was ook duidelik sigbaar tydens pouses en na afloop van die proses toe die deelnemers mekaar spontaan omhels en hartlik gegroet het. 'n Lid van die binnegroep het tydens sessie 4 gemeld dat: "Hierdie jong mense het in my hart gekom."

Die tegniek self is deur veertien deelnemers as interessant beskou. Een van die dames in die binnegroep meld: "The whole idea and how it was put together, it is very interesting and it works. Een van die buitengroepede noem: "Dit was vir my baie interessant, ek dink dit is 'n goeie benadering."

Die deelnemers se ervaring van die prosedures en toepassing van die tegniek.

Deelnemers het hulle uitgespreek oor: Die ondersteuners van die kankerpatiënte se bywoning van die sessies; die verskillende soorte kankerlyers wat betrokke was by die proses; die feit dat dit sielkundestudente was wat betrokke was by die buitengroep; die studente se bydraes tydens die gesprekke; die vrae wat gevra is; die persone se onderskeie stories; die uniekheid van die tegniek; geloof; die toepaslikheid van die temas wat bespreek is; die fasilitering van die tegniek, en oor die fisiese omgewing.

Die deelname aan en betrekking van die ondersteuners by die proses deur die navorser en die fasiliteerder is positief beleef deur sewentien van die deelnemers. Een van die dames in die binnegroep wat haar ondersteuner slegs een van die sessies daar kon hê, meld: "Dit was vir my, daar was iemand wat my ook werklik ken, wie ek is. En dit sou vir my lekkerder gewees het as hy elke aand daar kon gewees het." Twee ander lede van die binnegroep noem: "Hy was in elk geval nog altyd my ondersteuning. Jy weet dis eintlik snaaks dat ek so iets sonder hom sou doen" en "hulle staan hulle tog by, so ek sou sê hulle het deel aan alles, so ek sou sê ja hulle moet saam wees." In hierdie verband het twee van die persone in die buitengroep die volgende gesê: " 'n Mens moenie die ondersteuner, die impak wat dit op hom het, onderskat nie" en "kanker is nie 'n ding wat hulle alleen hanteer het nie, hulle ondersteuningsbronne was daar gewees." Twee ander lede van die buitengroep meld verder: "Ek dink dit is baie goed, want 'n kankerpatiënt is nooit op sy eie nie, hy het tog altyd iemand wat hom ondersteun" en "net die feit dink ek dat hy daar was het dit vir haar makliker gemaak om oop te maak."

Daar was 'n algemene ervaring onder nege van die deelnemers gewees dat aangesien die binnegroep bestaan het uit persone met verskillende kankers en dat hulle in verskillende fases van hulle siekte was, dit 'n positiewe effek op die proses

gehad het. Twee lede van die binnegroep het in hierdie verband gesê: “Dit was ook vir my goed dat daar mense is wat verskillende kankers het en jy weet, van die een dame wat nou net besig is met haar chemo en party is ‘n bietjie verder en so aan. Dit was ook goed. Ek dink sy kon ook daaruit leer” en “ ‘n mens weet nie wat om vorentoe te verwag nie. Ek meen, soos as ons almal op een fase was, want dan almal sou net gepraat het oor een ding.” ‘n Lid van die buitegroep meld ook: “Ek dink dit is ‘n goeie ding dat ‘n mens so iemand van elke fase kry, want dan gee dit jou ook weer ‘n breër perspektief.”

Vyf persone het melding gemaak dat omdat dit sielkundestudente was, hulle meer belang gestel het in die tegniek en die verloop van die proses. Een van die buitegroepede het dit soos volg verduidelik: “Ek dink nie ons sou hier gewees het as ons nie regtig belanggestel het nie. So daardie wete van die binnegroep se kant af, dat ons regtig belangstel, dink ek het gemaak dat hulle ook meer bereid was om meer te deel.” Die ouderdomsverskil tussen die twee groepe het ook ‘n minimale rol gespeel. Een van die buitegroepede het dit soos volg ervaar: “Dit was dalk in die begin ‘n probleem gewees, dalk vir die ouer mense, ek weet nie. Dalk was dit ook nie, maar ek dink die ouderdomsverskil het definitief al hoe minder ‘n rol begin speel.” Dit was ook as ‘n belangrike aspek gekenmerk dat die studente vrywillig aan die proses deelgeneem het. Dit is soos volg uitgelik deur ‘n lid van die binnegroep en die buitegroep onderskeidelik: “Jy kon sien hierdie studente het teruggekom en hulle het met ‘n doel teruggekom. As hulle nie daar wou gewees het nie, sou hulle definitief nie na die eerste sessie teruggekom het nie” en “ek dink die feit dat die meeste van die buitegroep ‘gevolunteer’ het, al is hulle op die ou einde geselekteer, hulle het ‘gevolunteer’ so daar was meer daardie gewilligheid om daar te wees.”

Wat die studente se deelname en bydraes betref, het elf persone (agttien persone van die binnegroep en drie van die buitegroep) sekere aspekte uitgelik. Van hierdie aspekte was die volgende deur drie van die binnegroepede genoem: “My ervaring van die studente was ‘wow’, dis min dat jy nog sulke diep jong mense kry” en “...so ek is met die studente baie tevrede” asook “...hierdie groep het baie meer diepte gehad as wat jou deursnee van daardie ouderdom was.” ‘n Lid van die buitegroep en dit soos volg beskryf: “Ons kon nie genoeg kry nie, ons het aan die mense se lippe gehang. Ons het regtig opgelet, regtig baie terugvoer gegee en jy kon uit die terugvoer ook hoor dat almal geluister het.”

Sestien van die persone het gevoel dat die vroe baie toepaslik was vir die situasie. Twee lede van die binnegroep meld in die verband: “Ek dink die vroe wat julle gevra het was baie goed gewees” en “ek dink dit was die normale gepaste ding om te doen, want dit is die vroe wat regtig die mense geraak het.” Twee lede van die buitegroep het in die verband gemeld dat: “Al het julle tog ‘n vraag gestel het die groep, die binnegroep, self verder gegaan en baie meer gepraat en gesê as net dit wat gevra is” en “ek dink dit is regtig goed deurdagte vroe en dit is goed wat die mense gestimuleer het om net te praat.” Vyf van die deelnemers het ook gevoel dat die vroe nie beperkend was nie. Een van die binnegroep lede het dit beskryf as: “Die manier hoe julle almal aan die praat gekry het met een vraag, ek het na die tyd vir my man gesê dis vir my interressant hoe ons op een vraag so kon uitbrei.” Een van die buitegroep lede het gesê: “Ek het daarvan gehou dat dit ‘n oop vraag is, net dit. Dit was nie heel tyd vroe tussenin nie, maar dit was oop en dan kon mense net praat.”

Sestien van die deelnemers het hulle ervaring (wat deurgaans positief was) van die ander deelnemers se stories uitgespreek. Twee van die binnegroep lede meld: “Dit was vir my goed gewees om met ander ook kontak te hê, om te kyk hoe was hulle ervaring deur alles en op die ou einde het ek beter gevoel oor my eie proses” en “...dit was vir my goed gewees om nie net ons eie stories te hoor nie, maar om die bystanders, die persone wat bygestaan het, se stories ook te hoor.” Twee van die buitegroep lede het dit soos volg gestel: “Dit is om soos ‘n storieboek te lees, want as jy ‘n storieboek lees dan konsentreer jy op dit wat daar gebeur. Jy sien dit, jy ervaar dit, maar jy kan nie terugpraat met die boek nie” en “...jy hoor altyd van kanker en van terminale siektes en goed, maar jy besef nooit regtig die effek daarvan en hoe die mense dit regtig beleef nie.”

Veertien persone (ses van die binnegroep en agt van die buitegroep) het die tegniek ervaar as iets wat hulle nog nie vantevore aan blootgestel was nie. In die verband meld ‘n lid van die binnegroep: “Dis vir my nuut, ek ken nie so iets nie”, en ‘n lid van die buitegroep: “Dit was vir my anders, ek was nog nooit voorheen betrokke by so iets gewees nie”. In sommige gevalle het hulle ander verwagtinge gehad. Twee van die binnegroep lede het gemeld: “Ek het gedink dit gaan meer formeel wees” en “...dit was heel anders as wat ek verwag het.” Vir sommige deelnemers was dit ‘n vreemde en unieke benadering. ‘n Lid van die buitegroep het gemeld: “Dit was vir my half vreemd gewees dat ‘n mens dit so doen”. Een van die binnegroep lede beskryf dit ook soos volg: “It is just that it is such a different open way of handling

it.” Een van die binnegroepede wat vantevore by ondersteuningsgroepe betrokke was, het die volgende gemeld: “Dit was net ‘n unieke program gewees om by te woon as wat ons byvoorbeeld na die biblioteek toe gaan en die mense net daar gesels met ‘n koppie tee of so. Hier was verreikende vrae gewees en daar was verreikende antwoorde gewees.”

Tien van die deelnemers het aangetoon dat die temas wat bespreek is baie toepaslik was. Twee binnegroepede noem in die verband: “Dit het kans gegee dat ‘n mens dit nie beperk het nie, jy kon wyd uit praat oor elke ding” en “...julle het aan alles gedink en ek meen die gesprek het later aan so gegaan dat hulle oor die finansies gepraat het.” In die verband meld een van die buitegroepede: “Ek dink met die min vrae wat gevra is, is daar ongelooflik baie inligting gekry.”

Aspekte oor geloof en die rol wat dit speel in mense se ervarings is deur nege persone genoem. Twee van die persone in die binnegroep noem die volgende: “Wat my betref, het dit sterk gefigureer en dit is die ankers wat jy vind in jou geloofslewe. Vir ons was dit uit en uit ‘n behoudende aspek” en “die hele ding het my geloof sterker gemaak.” Een van die buitegroepede het gemeld: “Die grootste temas was vir my geloof en wat geloof vir daardie persone beteken het.”

Daar was agt deelnemers van die binnegroep wat gevoel het dat die tegniek en proses goed gefasiliteer is. Een van die binnegroepede meld: “Hy het dit goed beheer, maar as dit nie hy was nie, as dit ‘n ou was wat nie ‘n saak so kon vashou nie, dan kon dit dalk nie goed gegaan het nie.” Twee ander lede van die binnegroep noem: “It was really well done, I was impressed by the technique” en “ek dink julle het dit goed bestuur. Ek dink julle het die mense gekry om deel te neem.”

Drie van die deelnemers het ook kommentaar gelewer oor aspekte rakende die fisiese omgewing waar die sessies plaasgevind het. Een van die buitegroepede het in die verband gesê: “Ek dink die feit dat ons in ‘n ronde kring gesit het, het dit lekker gemaak, want jy het altyd kontak gehad met al die mense.”

Voorstelle wat die deelnemers gemaak het.

Nieteenstaande al die positiewe uitsprake oor die persone se belewenisse van die tegniek, was daar wel kritiek en voorstelle gewees van sommige deelnemers.

Sommige persone (vyf lede van die binnegroep en drie lede van die buitegroep) het gevoel dat daar in meer detail ingegaan kon word tydens die proses. Een van die binnegroepede het gemeld: “ ‘n Mens kan nog aangegaan het, maar dan sal dit meer

gegaan het oor baie spesifieke vrae, meer spesifieke individuele dinge, terwyl ek dink dit was nie die bedoeling gewees nie". 'n Lid van die buitengroep het gevoel dat: "Ek dink vier sessies is dalk 'n bietjie kort vir... want daar is altyd nog 'issues' wat mense nie noodwendig in so 'n kort tydjie op die voorgrond kan bring nie. Ek dink dit kan regtig 'n waardige, langer proses raak." Drie van die deelnemers in die buitengroep het gevoel dat daar vir hulle meer tyd toegestaan moes word tydens die groepsessies. Een van die deelnemers het die volgende gemeld: "Baie keer het dit vir my gevoel ons gaan nou uit tyd uithardloop, so die ouens moet maar so vinnig as moontlik maar hulle goed sê" en "...hulle (die binnegroep) tyd was reg, maar ek voel nie ons tyd was altyd reg nie."

Agt van die persone het nie negatiewe aspekte van die tegniek uitgelig nie. Van hulle kommentaar was: "Daar was nie iets waarvan ek nie gehou het nie" en "...daar kan nie op hierdie stadium van my kant inkom wat negatief is nie" en "...daar is nie iets wat ek regtig sal verander aan dit (die tegniek) nie."

Daar was 'n algemene gevoel by sewe van die deelnemers (twee van die binnegroep en vyf van die buitengroep) dat die tegniek baie toepaslik is in ander areas ook. Twee lede van die binnegroep noem: "I think it was just a very good idea and I think they should do it more on more different subjects as well" en "...dit is 'n metode wat baie goed is om te gebruik in baie situasies." Lede van die buitengroep het ook saamgestem hiermee. Twee van hulle meld: "As 'n mens fokus daarop kan 'n mens dit toepas op baie ander areas en baie ander goed wat gebeur" en "...dit is vir my regtig 'n uitstekende tegniek wat ek dink in baie velde baie goed gebruik kan word". Die deelnemers het verder genoem dat dit toepaslik kan wees op 'n wyer verskeidenheid onderwerpe en moontlike opleidingswaarde ook kan hê. Moontlikhede wat deur die deelnemers genoem was, het ingesluit kinderverterapie, huweliksberading, persone wat HIV-positief is en persone met alkohol- en dwelmsprobleme.

Ses lede van die binnegroep het genoem dat meer van hierdie tipe sessies aangebied moet word. Een van die binnegroep lede het gesê: "Ek hoop volgende jaar bied hulle weer so iets aan." Twee ander binnegroep lede het die redes daarvoor soos volg verduidelik: "Julle moet asseblief voortbou op dit wat julle nou doen. Dit moenie weggaan nie. Dit is 'n goeie ding vir elke ou wat met kanker te doen het, om in so 'n groep betrokke te raak" en "...ek dink daar is 'n groot behoefte vir sulke groepe."

Twee van die binnegroep lede het gevoel dat kinders ook betrek kan word by die proses. Een van die deelnemers het dit soos volg gestel: “Ek dink kinders moet meer betrek word, want ek meen hulle is tog ook deel van die samelewing. Ek was bietjie teleurgesteld omdat my seuntjie nie daar kon wees nie.”

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Dit blyk uit bogenoemde resultate dat daar verskeie ooreenkomste is tussen die bevindinge van hierdie studie en dié van Roberts *et al.* (1997), al is daar in laasgenoemde geval van ‘n andersoortige groepsproses gebruik gemaak. Die deelnemers wat by daardie navorsing betrokke was, het ook genoem dat dit goed was dat daar ‘n gedeelde ervaring was tussen die pasiënte. Hulle het ook genoem dat hulle goeie inligting daaruit gekry het en dat die atmosfeer van die groep (hulle het ‘n geleentheid gehad om te praat) dit vir hulle makliker gemaak het om hulle ervaringe te deel. Sommige van die deelnemers het ook genoem dat hulle meer geleentheid wou gehad het om te praat.

Tydens hierdie toepassing van die luistergroeptegniek het die lede gemakliker begin voel soos die proses verloop het. Die deelnemers het die tegniek positief ervaar en baie geleer uit die proses. Dit is in ooreenstemming met die bevindinge van Nortje (2002) tydens sy toepassing van die luistergroeptegniek. Hierdie bevindinge is teenstrydig met die van Docherty (2004) wat meld dat slegs 39% kankerpatiënte groepsessies as ‘n positiewe bron van ondersteuning ervaar het en dat slegs 13% van kankerpatiënte weer groepsessies sou bywoon wat slegs kankerpatiënte bevat. Die uniekheid, anderheids en interessantheid van die luistergroepstegniek, maak dié tegniek moontlik meer toeganklik vir deelnemers as tradisionele groepsessies.

White (1995) het aangedui dat daar ‘n goeie vertrouensverhouding, sowel as gevoelens van eenheid en gemeenskap, tussen die twee groepe was tydens haar toepassing van die luistergroeptegniek. Persone het tydens die huidige navorsing ook gevoel dat daar ‘n goeie vertrouensverhouding was tussen die twee groepe tydens die proses. Dit is teenstrydig met die bevindinge van Nortje (2002) wat bevind het dat daar ‘n definitiewe skeiding was tussen die twee groepe in sy navorsing. Soos vroeër aangedui het sommige van die deelnemers tydens die huidige navorsing genoem dat daar teen die derde sessie reeds ‘n sterk band gewees het tussen die persone en dat

hulle mekaar emosioneel ondersteun het. Fawzy en Fawzy (1998) het in hulle navorsing ook melding gemaak van die emosionele ondersteuning wat deur die deelnemers aan mekaar verskaf is. Sommige deelnemers van die huidige navorsing het genoem dat emosionele ondersteuning uitgebrei en voortgegaan het nadat die groepe geëindig het. Twee kankerpatiënte wat mekaar geken het voor die aanvang van die navorsing, se vriendskap is verstewig deur die proses. Docherty (2004) maak ook melding van die emosionele ondersteuning wat kankerpatiënte aan mekaar kan bied tydens groepsessies.

Spiegel *et al.* (1999) meld dat die geleentheid wat geskep word vir kankerpatiënte om by mekaar te leer absoluut noodsaaklik is. Dit was ook die geval tydens hierdie navorsing en daar is professionele hulpbronne (die navorser en die fasiliteerder) aan die kankerpatiënte beskikbaar gestel wat andersins moeilik bekombaar sou wees (Spiegel *et al.*, 1999). Aangesien die luistergroeptegniek tydens die huidige navorsing oor vyf sessies gestrek het, word dit beskou as 'n korter en meer effektiewe intervensie waarna Sheard en Maguire (1999) verwys het tydens hulle navorsing.

Docherty (2004) het in haar navorsing aangetoon dat daar wel skadelike interaksies kan ontstaan tussen kankerpatiënte wat hulle siekte op verskillende maniere beskou en hanteer. Tog noem sy dat individue wel uit groepe neem wat hulle nodig het op daardie stadium. Een van die deelnemers van die huidige navorsingsprojek het genoem dat 'n ervare fasiliteerder nodig is om moontlike skadelike interaksies tussen groepslede te kan hanteer. Hierdie aspek het na vore gekom tydens die vierde sessie van die huidige navorsing toe een van die deelnemers haar situasie so positief benader het dat die fasiliteerder haar "onsensitiwiteit" teenoor 'n ander pasiënt se meer realistiese beskouing moes hanteer. Volgens Docherty (2004) is daar 'n potensiaal vir deelnemers om afhanklik te word van professionele hulp. Hierdie aspek was nie problematies tydens die huidige navorsing nie aangesien die proses slegs oor vyf sessies gestrek het en deelnemers vrywillig aan die gesprekke kon deelneem.

Die uitspraak van White (1998) oor die toepassingsmoontlikhede van die "reflecting team" en Andersen (1990) se uitspraak dat die "reflecting team" se organisasie ook oneindige moontlikhede het, is ook van toepassing op die luistergroeptegniek. Dit is nie net deur die navorser en die fasiliteerder beleef tydens die proses nie, maar soos vroeër aangedui het talle van die deelnemers hulle ook daarvoor uitgespreek. Op grond van hierdie uitsprake (kyk Resultate en Bespreking) van die deelnemers en die navorser se belewenis van die kragtigheid van die tegniek

(vgl. White, 1995) sou dit moontlik sinvol wees om mense wat aan traumatiese ervaringe blootgestel was met die tegniek te “ondersteun/sterk”. Meer lede van die kankerpatiënte se familie kan ook betrek word by die proses. Hierdie tegniek kan hulle moontlik alternatiewe stories laat ontdek waar hulle hulleself as sterker mense kan sien in plaas van hulpelose slagoffers. Verdere navorsing in verband met voorafgaande voorstelle word sterk aanbeveel.

Dit is belangrik dat navorsers en terapeute wat die tegniek wil navors/gebruik kennis neem van die voorstelle wat deur die deelnemers uitgespreek is rakende die toepassing van die proses. Die aanvanklike gevoel van ongemaklikheid wat deur die persone ervaar is tydens hierdie navorsing (en die van Nortje, 2002), kan dalk voorkom word deur die lede genoegsame geleentheid te bied om mekaar beter te leer ken tydens die eerste ontmoeting. Sommige deelnemers het ook melding gemaak dat daar nie genoeg tyd aan hulle gegun is om hulle menings ook te lug nie. Persone wat aan Nortje (2002) se navorsingsprojek deel gehad het, het ook hierdie uitspraak gemaak. Hierdie probleem kan moontlik oorkom word deur geen tydsbeperking op die duur van die sessies te stel nie.

Dit blyk duidelik uit die response van die binnegroeplede dat kanker, soos aangedui deur vorige navorsing, ‘n invloed het op alle aspekte van alledaagse lewe, insluitende hulle psigologies status. (Vgl. Roberts *et al.*, 1997; Rockson, 2002; Spiegel *et al.*, 1999.) Dit is verblydend dat hierdie navorsing aangetoon het dat die luistergroeptegniek met groot vrug aangewend kan word om dié persone te help om nuwe perspektiewe te ontwikkel oor hulle problematiek en om persoonlike groei by hulle te stimuleer. Die oënskynlike krag van die tegniek lê moontlik daarin dat die binnegroepslede met mekaar se onderskeie stories kan identifiseer en daarom ‘n groot mate van ondersteuning ervaar. (Vgl. Docherty, 2004 en Fawzy & Fawzy 1998.) Dit blyk verder dat hierdie tegniek daartoe kan bydra dat luistergroeplede meer bewus gemaak kan word van die dilemmas waarmee binnegroeplede gekonfronteer was (word) en dat dit hulle (buitengroeplede) meer sensitief kan maak vir binnegroeplede se omstandighede. Navorsing soos hierdie kan vir studente van die helpende professies soos sielkunde, maatskaplike werk en mediese rigtings ‘n waardevolle opleidingsgeleentheid wees, want eerstehandse inligting van diesulkes (van verskillende populasies) kan bekom word.

BRONNELYS

- Andersen, T. (1990). *The reflecting team: dialogues and dialogues about dialogues*. U.K.: Borgmann Publishing Ltd.
- Berg, B.L. (1995). *Qualitative research methods for the social sciences*, 2nd ed. Boston: Allyn and Bacon.
- Bertrando, P. (2000). Text and context: narrative, postmodernism and cybernetics. *Journal of Family Therapy*, 22: 83-103
- Breakwell, G.M. (1990). *Interviewing*. Leicester: The British Psychological Society.
- Carr, A. (1998). Michael White's narrative therapy. *Contemporary Family Therapy*, 20(4): 485-503.
- Docherty, A. (2004). Experience, functions and benefits of a cancer support group. *Patient Education and Counselling*, 55(1): 87-93.
- Donovan, M. (2003). Family therapy beyond postmodernism: some considerations on the ethical orientation of contemporary practice. *Journal of Family Therapy*, 25: 285-306.
- Dueck, A., & Parsons, T.D. (2004). Integration discourse: modern and postmodern. *Journal of Psychology and Theology*, 32(3): 232-247.
- Farsides, T. (2004). Cognitive mapping: generating theories of psychological phenomena from verbal accounts and presenting them diagrammatically. In G.M. Breakwell (Ed.), *Doing social psychology research* (pp. 255-288). Oxford: The British Psychological Society and Blackwell Publishing Ltd.
- Fawzy, F.I., & Fawzy, N.W. (1998). Group therapy in the cancer setting. *Journal of Psychosomatic Research*, 45(3): 191-200.
- Fincham, L., Copp, G., Caldwell, K., Jones, L., & Tookman, A. (2005). Supportive care: experiences of cancer patients. *European Journal of Oncology Nursing*, 9: 258-268.
- Freedman, J., & Combs, G. (1996). *Narrative therapy: the social construction of preferred realities*. New York: W.W. Norton & Company.
- Jenkins, D. (1993). Book Review. *The American Journal of Family Therapy*, 21(1), Spring.
- Kissane, D.W., Bloch, S., Smith, G.C., Miach, P., Clarke, D.M., Ikin, J., Love, A., Ranieri, N., & McKenzie, D. (2003). Cognitive-existential group psychotherapy

- for women with primary breast cancer: a randomised controlled trial. *Psycho-Oncology*, 12: 532-546.
- Kissane, D.W., Bloch, S., Miach, P., Smith, G.C., Seddon, A., & Keks, N. (1997). Cognitive-existential group therapy for patients with primary breast cancer – techniques and themes. *Psycho-Oncology*, 6: 25-33.
- Krippendorff, K. (1985). *Content analysis: an introduction to its methodology*. Beverly Hills: SAGE Publications Inc.
- Mason, J. (1995). Linking qualitative and quantitative data analysis. In A. Bryman & R.G. Burgess (Eds.), *Analyzing qualitative data* (pp. 89-110). London: Routledge.
- Nortje, C.F. (2002). Studente se belewing van die luistergroeptegniek tydens narratiewe terapie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Manuskrip voorgelê vir die graad Magister Artium Psigologie aan die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).
- O'Connor, T.J., Davis, A., Meakes, E., Pickering, M.R., & Schuman, M. (2004). Narrative therapy using a reflecting team: an ethnographic study of therapists' experiences. *Contemporary Family Therapy*, 26(1): 23-39.
- O'Connor, T.J., Meakes, E., Pickering, M.R., & Schuman, M. (1997). On the right track: client experience of narrative therapy. *Contemporary Family Therapy*, 19(4): 479-495.
- Parkin, D.M., Bray, F., Ferlay, J., & Pisani, P. (2005). Global cancer statistics. *Cancer Journal for Clinicians*, 55: 74-108.
- Parry, A., & Doan, R.E. (1994). *Story re-visions: narrative therapy in the postmodern world*. New York: The Guilford Press
- Patton, M.Q. (1991). *Qualitative evaluation and research methods*, 2nd ed. Newbury Park: Sage Publications Inc.
- Ritchie, J., & Spencer, L. (1995). Qualitative data analysis for applied policy research. In A. Bryman & R.G. Burgess (Eds.), *Analyzing qualitative data* (pp.173-194). London: Routledge.
- Roberts, C.S., Piper, L., Denny, J., & Cuddeback, G. (1997). A support group intervention to facilitate young adults' adjustment to cancer. *Health & Social Work*, 22(2): 133-141.
- Rockson, S.G. (2002). Lymphedema after surgery for cancer – the role of patient support groups in patient therapy. *Dis Manage Health Outcomes*, 10(6): 345-347.

- Russel, S., & Carey, M. (2004). *Narrative therapy: responding to your questions*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
- Sheard, T., & Maguire, P. (1999). The effect of psychological interventions on anxiety and depression in cancer patients: results of two meta-analyses. *British Journal of Cancer*, 80(11): 1770-1780.
- Simpson, J.S.A., Carlson, L.E., & Trew, M.E. (2001). Effect of group therapy for breast cancer on health care utilization. *Cancer Practice*, 9(1): 19-26.
- Spiegel, D., & Kimerling, R. (2001). Group psychotherapy for woman with breast cancer: relationships among social support, emotional expression and survival. In C.D. Ryff & B.H. Singer (Eds.), *Emotion, social relationships and health* (pp. 97-132). New York: Oxford University Press.
- Spiegel, D., Morrow, G.R., Classen, C., Raubertas, R., Stott, P.B., Mudaliar, N., Pierce, H.I., Flynn, P.J., Heard, L., & Riggs, G. (1999). Group Psychotherapy for recently diagnosed breast cancer patients: a multicenter feasibility study. *Psycho-Oncology*, 8: 482-493.
- Stake, R.E. (2000). Case Studies. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds.), *Handbook of qualitative research* (pp. 435-454). Thousand Oaks: Sage Publications Inc.
- Venter, C.A. (2000). Die stories waarbinne ons leef – implikasies vir psigoterapie, opleiding en navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. 23p. (Wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO. Reeks H. Inougrele rede, nr. 161).
- Venter, C.A., & Nortje, F. (2004). Re-authoring the life stories of young adults from divorced families. In D. Trampuž & M. Rus-Makovec (Eds.), *Resisting abuse: from shame to self-empowerment* (pp. 234-238). Ljubljana: University Psychiatric Hospital Ljubljana and Slovene Society of Family Therapy.
- White, C. (1995). Speaking out and being heard. *Dulwich centre newsletter*, 4: 7-9.
- White, M. (1998). *Re-authoring lives interviews & essays*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
- White, M., & Epston, D. (1990). *Narrative means to therapeutic ends*. New York: W.W. Norton & Company.
- Wilkinson, S. (2004). Focus Groups. In G.M. Breakwell (Ed), *Doing social psychology research* (pp. 344-376). Oxford: The British Psychological Society and Blackwell Publishing Ltd.